

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT
GRAAD		12
DATUM		MEI/JUNIE 2026
VAK		AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL		1
PUNTETOTAAL		70
TYDSDUUR (UUR)		2
AANTAL BLADSYE		13



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS**:

AFDELING A: Leesbegrip (30)

AFDELING B: Opsomming (10)

AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
4. Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.
8. Skenk veral deeglike aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling:
AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute
10. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.



AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Bestudeer die onderstaande tekste, **TEKS A en TEKS B**, en beantwoord die vrae.

TEKS A: ARTIKEL

Skool ... is ver-ve-lig!

1. As kinders sê hulle is verveeld, sukkel hulle dalk om hartseer, angste of depressie te verwoord en te identifiseer. Die vraag moet ook gestel word met watter moontlike probleme die kind nog te kampe het en of hy/sy dalk ander emosionele probleme ervaar. Emosionele probleme kan kinders se gedagtes in 'n klaskamer so in beslag neem, dat hulle aandag van leer afgelei word. 5
2. Het jy al ooit 'n kind gevra hoe dit by die skool was – net om te hoor dit was “vervelig”? Dit is 'n gesprek, helaas oorbekend in baie huisgesinne. Baie mense wonder waarom? Wat kan gedoen word om te help? Dit is egter baie belangrik dat jy verstaan hóékom 'n kind verveeld by die skool mag wees. Daar mag 'n paar moontlikhede wees.
3. Verveling by die skool is nie onbekend nie. Onthou 'n kind se opvoedingsreis is vol kepe, nie lineêr nie. Hul leerervaring mag soms vinnig vorder – en soms stadiger. Soms sál hulle verveeld wees. 10
4. Navorsing het getoon dat gr. 9-leerders gemiddeld die helfte van die tyd in die klas verveeld is, terwyl jonger leerders sowat 'n derde van die tyd verveeld is. Suid-Afrikaanse navorsing het weer bevind dat uit 412 gr. 10-leerders wat oor hul emosies ondervra is, verveling die mees algemene emosie onder die deelnemers was. Dit is kommerwekkend, want leerders moet emosioneel betrokke wees om goed te kan leer. 15
5. Dit is noodsaaklik vir sommige onderwysers om meer stimulerende lesse uit te werk en nouer met leerders te werk om maniere te vind om hulle te motiveer en betrokke te kry. Praat voortdurend met leerders oor hul werk en werk ook saam met hulle. Dit sal help om verveling in die klaskamer tot die minimum te beperk. 20
6. Jongmense word groot in 'n tydperk waarin verveling in hul vrye tyd – danksy tegnologie – seldsaam is. Dit kan nogal 'n uitdaging wees vir onderwysers wat leerders oor die algemeen wil aanmoedig om dinge te oordink. Navorsing het ook bevind dat 'n meer hegte verhouding tussen leerders en onderwysers, negatiewe gevoelens soos verveling verminder. Hoe meer beheer die leerling het oor dit wat hy/sy leer – en hoe meer hulle sien wat die waarde daarvan is – hoe meer gemotiveerd sal hulle waarskynlik wees. 25
7. Wees bedag op leerders wat net soms verveeld of heeltyd verveeld is. Indien die leerling net in één klas of vak verveeld is, is die inhoud van die vak moontlik nie na sy/haar smaak nie. As 'n leerling gedurig kla dat alle lesse en alles by die skool vervelig is en sy/haar punte ly daaronder, kan dit wees dat daar onderliggende probleme is. Is dit dalk 'n verskuilde leerprobleem soos disleksie? Het die leerling moontlik 'n gehoor- of visuele 30



gestremdheid? Die leerling kan ook uiters begaaf wees wat beteken hy/sy leer vinniger as sy/haar portuurgroep.

8. Kan verveelde kinders gehelp word? Deur kinders te help om hul emosies te verstaan en te verwoord, word hulle gehelp om hierdie ervarings meer doeltreffend te bowe te kom. Sommige skole bied programme aan om kinders te help om emosies te identifiseer en om hul omgewing, gevoelens en gedrag beter te reguleer. 35
9. Die teendeel is ook waar. Net omdat 'n kind kla oor verveling, beteken dit nie 'n kind moet elke liewe oomblik van die dag besig gehou word nie. Verveling hou ook voordele in. Kreatiwiteit kan gestimuleer word, omdat verveling kinders aanmoedig om hulle verbeelding te gebruik en met hul eie aktiwiteite vorendag te kom. Verveelde kinders kan ook leer om probleme op te los. Hulle moet uitvind hoe om hulleself te vermaak. Dié proses help hulle om beplanningstrategieë, probleemoplossings en organisatoriese vermoëns te ontwikkel. Verveling kan kinders ook aanmoedig om nuwe stokperdjies of aktiwiteite te verken wat hulle andersins nie sou oorweeg het nie, soos byvoorbeeld tuinmaak of die aanleer van 'n vaardigheid. 40 45
10. Ouers en/of voogde kan 'n baie belangrike rol in 'n verveelde kind se lewe speel. Vrae soos "Hoe was dit by die skool"? behoort vervang te word met "Wat was die interessantste ding wat jy vandag by die skool geleer het"? of "Kan jy my van iets vertel wat vir jou vandag aangenaam in die skool was"? "Was daar enigiets wat jou gefrustreerd of verveeld laat voel het"? 50
11. Ouers moet ook aan wyses dink hoe om 'n leerder se verhouding met 'n onderwyser te versterk deur met die onderwyser te praat. 'n Onderwyser kan aanpassings maak om 'n kind gemotiveer en betrokke te kry. 55
12. Was jy al enigsins in jou skoolloopbaan tydens 'n onderrigssessie verveeld?

[Verwerk uit: Beeld. 19 Oktober 2024]

EN

TEKS B: VISUELE TEKS**VRAE: TEKS A**

- 1.1 1.1.1 Lees die opskrif van die artikel. Watter boodskap dra die opskrif van die artikel aan die leser oor? (1)
- 1.1.2 Hoe slaag die skrywer van die artikel daarin om jou antwoord te ondersteun? (1)
- 1.2 Watter moontlike oorsake kan tot 'n kind se verveeldheid bydra? (3)
- 1.3 Waarom is emosionele probleme nadelig vir 'n kind in 'n klaskamersituasie? (1)
- 1.4 Wat is gewoonlik die kommentaar van 'n kind as hy/sy gevra word hoe die skooldag was? (1)
- 1.5 Waarom is die opvoedingsreis van 'n kind nie egalig nie? (1)
- 1.6 Waaruit lei jy af dat die navorsing onder gr. 9-leerders nie in Suid-Afrika gedoen is nie? (1)
- 1.7 Waarom is navorsers ontsteld oor verveling onder kinders? (2)



- 1.8 Wat word bedoel as onderwysers nouer met leerders moet saamwerk? (1)
- 1.9 Op watter wyse is tegnologie voordelig vir verveling? (1)
- 1.10 Skryf twee afsonderlike woorde in paragraaf 6 neer wat 'n belangrike rol in die motivering van leerders speel. (2)
- 1.11 Wat is die verskil tussen leerders wat net af en toe verveeld is en leerders wat aanhoudend verveeld is? (2)
- 1.12 Word die onderstreepte vraag in paragraaf 8 beantwoord? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.13 Wat word met die onderstreepte sin in paragraaf 9 bedoel? (1)
- 1.14 Waarna verwys "Dié proses" in paragraaf 9? (1)
- 1.15 Watter positiewe uitvloeisel volg op jou antwoord in VRAAG 1.14? (1)
- 1.16 Waarom is dit belangrik dat ouers met 'n onderwyser oor hulle kinders praat? (1)
- 1.17 Beantwoord die vraag in paragraaf 12 en motiveer jou antwoord. (1)

EN

VRAE: TEKS B

- 1.18 1.18.1 Waarom, dink jy, is dit regverdig dat Jan deur die onderwyseres aangespreek word? (1)
- 1.18.2 Hoe sal jy Jan se gedagtes teenoor die onderwyseres beskryf? (1)
- 1.19 1.19.1 In watter bui is die onderwyseres? (1)
- 1.19.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.19.1. (1)
- 1.20 Waarom, dink jy, slaap Jan nie in die klas nie? (1)

EN

**VRAE: TEKS A EN B**

- 1.21 Lei twee opeenvolgende woorde uit paragraaf 5 af wat die aangewese oplossing vir die onderwyseres is om verveling in die klas hok te slaan? (1)
- 1.22 Die onderstreepte sin in paragraaf 10 (TEKS A) het betrekking. Wat, dink jy, gaan Jan sy ouers antwoord? (1)

TOTAAL AFDELING A: [30]



AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

- Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van **SEWE maniere om teen boelies op te staan**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde en in volsinne wees.
- Die opsomming mag nie meer as 90 woorde wees nie en moet in paragraafvorm geskryf word.
- Dit is nie nodig om die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die aantal woorde wat jy gebruik het aan.
- Maak seker dat jy jou beplanning doodtrek.

TEKS C

Maniere om teen boelies op te staan

Dit is onaangenaam om geboelie te word en dit laat jou dikwels kwesbaar, hulpeloos en verward voel. Wanneer jy geboelie word, weet jy ook dikwels nie wat om te doen nie. Moet jy terug boelie? Die beste is om die boelie te ignoreer, omdat boelies 'n teenreaksie van jou kant af verwag. As die boelie agterkom dat jy hom/haar ignoreer, sal die een wat jou boelie, drupstert padgee.

Boeliegedrag is aan die orde van die dag. Lees maar in die koerante en tydskrifte van kinders en selfs volwassenes wat geboelie word. Vir die persoon wat geboelie word, is dit baie traumaties en dikwels gebeur die ergste – die persoon wat geboelie word, neem sy/haar eie lewe. Dit is skokkend.

Die teendeel is ook waar. Sê vir die boelie om sy/haar boeliegedrag onmiddellik te staak. Die boelie ervaar dan 'n sterk en ernstige verbale "aanval" van jou kant af en blaas die aftog. Jy kan natuurlik in die teenwoordigheid van die boelie 'n grap maak wat die wind uit sy/haar seile sal neem. So iets het die boelie nie verwag nie.

Is jy die slagoffer van boeliegedrag by die skool? Moenie op plekke sit waar jy geheel en al geïsoleerd is nie, byvoorbeeld in 'n hoekie of iewers alleen langs 'n muur nie. Jy is dan juis op jou kwesbaarste en 'n teiken vir 'n boelie. Jy is dan alleen en niemand is by jou om jou te help verdedig nie. Bou vir jou 'n stewige vriendekring waarin jy jouself voortdurend bevind. Dit help jou om jou teen boelies te verskans.

Wees ook versigtig om nie die boelie uit te lok om jou beet te kry nie. Dit is byna asof jy die boelie soos 'n magneet na jou toe aantrek. Dit is tog belangrik dat jy die persoon wat jou boelie by 'n volwasse persoon rapporteer. Volwassenes weet hoe om die situasie te hanteer. Sonder volwasse ingryping, sal die boelie eenvoudig voortgaan met sy/haar boeliegedrag.

[Verwerk uit: <http://af.drafare.com/7-maniere-om-op-te-staan-teen-boelies>]

TOTAAL AFDELING B: [10]




AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

TEKS D

KRY JOU REG VIR 'N AVONTUUR MET FALKSON TENTE!



Verken die buitewêreld in styl en gerief.



Koop aanlyn – gratis aflewering landwyd.

Besoek ons vertoonlokaal of sien meer aanlyn.

(3.6) **www.falksontents.co.za**

(3.7) **+27 087 265 8114**

Falkson-tente & buitelewe



In Suid-Afrika (3.8) gemaak



[Verwerk en saamgestel uit: Weg! Okt. – Nov. 2024 en Bing.com]



- 3.1 3.1.1 Na wie verwys die “jou” in die opskrif van die advertensie? (1)
- 3.1.2 Waarom word die woord “jou” in plaas van “u” in die advertensie gebruik? (1)
- 3.2 Die advertensie bevat baie min geskrewe gedeeltes. Waarom is dit funksioneel? (1)
- 3.3 3.3.1 Wat het die samesteller van die advertensie visueel gedoen om seker te maak dat dit die teikengroep se aandag trek? (1)
- 3.3.2 Waarom, dink jy, gaan die advertensie nie alle lesers se aandag trek nie. (1)
- 3.4 Watter verwagting skep die advertensie by belangstellendes? (1)
- 3.5 Waarom hoef jy nie noodwendig na die vertoonlokaal te gaan om ’n tent te koop nie? (1)
- 3.6 Waarvoor staan die afkorting www.? (1)
- 3.7 Waarom staan daar +27 voor die selfoonnommer? (1)
- 3.8 Skryf ’n suiwerder Afrikaanse woord vir die onderstreepte woord in die advertensie neer. (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.

TEKS E



- 4.1 4.1.1 Skryf die afkorting vir “dominee” neer. (1)
- 4.1.2 Wat is ’n pastorie? (1)
- 4.2 Dink jy die dominee is gasvry? Motiveer jou antwoord deur na ’n visuele beeld te verwys. (1)
- 4.3 Op grond waarvan sal jy sê dat die besoeker respek vir die dominee het? (1)
- 4.4 Wat lei jy uit die besoeker se gesigsuitdrukking af? (1)
- 4.5 Noem twee redes waarom jy dink dat die dominee ’n netjiese en geordende geestelike leier is. (2)
- 4.6 Skryf die manlike vorm van die woord “skoonma” in die meervoud neer. (1)
- 4.7 Waarom is dit funksioneel dat die *Beeld* (koerant) in die strokiesprent verskyn? (1)
- 4.8 Skryf ’n beter woord vir “daai” neer. (1)

[10]



VRAAG 5: PROSA

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

TEKS F

Heuningvlei: Verlate donkiekarre tekenend van dorp se teëspoed ...

1. Mense in die dorpie Heuningvlei in die Cederberge (Wes-Kaap), maak reeds jare lank op toerisme en bestaansboerdery staat. Swaar reën en verwoestende oorstromings die afgelope jaar het groot skade aan die dorp se infrastruktuur aangerig – soveel so, dat gewilde donkiekarroetes al maande lank ontoeganklik en gevolglik gesluit is. 5
2. “Baie toeriste sê dit is die mooiste plek. Ek stem saam, maar om hier te kuier en hier te bly is nie dieselfde nie. Dit is ’n stryd om oorlewing”, het oom Johannes Ockhuis gesê. Oom Johannes (87 j.) is een van net 75 (5.5.1) permanente inwoners van Heuningvlei, ’n dorpie sowat 15 km van Wupperthal. 10
3. Die meeste mense op Heuningvlei is bestaansboere en het ’n (5.6) tradisie van die verbouing van rooibos. Toerisme, insluitend die verskaffing van verblyf en begeleide toere, dra ook tot die geldkoffers van Heuningvlei by.
4. Die twee uur lange Heuningvlei-donkiekarrit op die Kareedouw-roete is egter al vir maande gekanselleer (5.7) ... erge skade deur reën en oorstromings. 15
Die roete strek van die bopunt van die Pakhuispas tot deur die dorp. Die donkiekarretjies wat drie mense op ’n slag vervoer, word gewoonlik deur sowat ses donkies deur die ruwe Cederberge getrek.

[Verwerk uit: Maroela Media. Di. 22 Oktober 2024]



- 5.1 Gebruik die homofoon van die onderstreepte woord in die opskrif in 'n verduidelikende sin. (1)
- 5.2 Op watter ander wyse kan die woord “teëspoed” in die opskrif nog gespel word? (1)
- 5.3 Skryf 'n voorbeeld van 'n deeltjie werkwoord in die eerste sin van paragraaf 1 neer. (1)
- 5.4 Wat is die funksie van die premorfeem “on” in ontoeganklik in paragraaf 1? (1)
- 5.5 5.5.1 Verduidelik waarom die woord “permanente” 'n voorbeeld van 'n afleiding is. (1)
- 5.5.2 Gee 'n sinoniem vir die woord “permanente”. (1)
- 5.6 Verwys na die onderstreepte woord in paragraaf 3.
Skryf die korrekte vorm van die onderstaande woord neer en verdeel dan die woord in lettergrepe.
Elke jaar word 'n (tradisie) Kersfees gevier. (2)
- 5.7 Voltooi die sin deur slegs die korrekte voorsetsel neer te skryf. (1)
- 5.8 Waarom is die komma in die laaste sin van paragraaf 4 funksioneel? (1)

[10]**TOTAAL AFDELING C: [30]****GROOTTOTAAL: [70]**